

Lof aan God vir die opstanding van Jesus Christus

Die kerk wat uit die oop graf van Jesus gebore is het 'n loflied om te sing: "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!" Hulle loof God omdat Hy hulle 'n nuwe lewe gegee het deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Hierdie lewe beteken dat hulle 'n lewende hoop het. Hoop beteken 'n seker verwagting soos 'n ma wat 'n baba verwag. Hulle sien uit na 'n blink toekoms om drie redes:

- *Hulle toekoms word vir hulle in die hemel in bewaring gehou.* Dit is hulle bestemming en niemand kan nou keer dat hulle daarby sal uitkom nie. Dit word daarom 'n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis genoem. Dit lê vir hulle gereed.
- *Hulle word ook deur die krag van God nou al veilig bewaar vir die erfenis.* Omdat hulle glo, kry hulle die krag van die Heilige Gees in hulle en so word hulle bewaar.
- *Beproewinge, vervolging en swaarkry kan nie hulle geloof en hoop vernietig nie.* Intendeel, hulle word daardeur gelouter soos goud deur vuur gelouter word.

Die einddoel sal hulle bereik, naamlik die saligheid. Hulle geloof sal lof en eer waardig wees by die wederkoms. Dit alles het Jesus Christus vir hulle verdien en daarom het hulle Hom lief, al het hulle Hom nie gesien nie, maar net in Hom geglo!

As mens mooi daaroor alles nadink, verstaan jy waarom die kerk God so graag wil loof!

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 3

Ds. Chris Hattingh (Randburg)